# Die Vyfde Jaarvergadering van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika Gehou op Heidelberg, Transvaal, 16 en 17 September 1960

*'n Paar gedagtes uitgespreek deur die Voorsitter*

DR. J. J. VAN TONDER

*Belangstelling:*

DIE afgelope vyf jaar het die Historiese Genootskap probeer om belangstelling in die studie van Geskiedenis op die terrein van die laer- en die hoërskool sowel as die kollege en die universiteit te bevorder. Daar is ook pogings aangewend om die volwasse burger te bereik. By die openingsaand het daar persone opgetree wat hiervan getuig. Toesprake is afgewissel met sang- en praatkore sowel as historiese voorstellings.

*Die Museum:*

Tydens die jaarvergadering is 'n omvangryke uitstalling van oudhede in die Volkskool gereël. Die artikels is afkomstig uit die Heidelbergse omgewing. Dit is noodsaaklik dat skole hierdie oudhede versamel en bewaar. Baie van hierdie waardevolle artikels gaan anders verlore as dit by individuele huise bewaar word.

*Plaat- en Bandopnames:*

Net soos ou dokumente en oudhede in museums bewaar word so behoort toesprake en gedagtes in die vorm van plaat- en bandopnames bewaar te word. Dit sal belangrike boumateriaal vir die geskiedenis in die toekoms wees.

*St. 10-Geskiedenisleerlinge:*

Persentasie st. 10-leerlinge wat Geskiedenis as 'n eksamenvak aangebied het:

| | *Persent* | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | *1953* | *1955* | *1958* | *1959* | *Totaal getal Kandidate* | *Getal Geskiedenis* |
| Transvaal ... ... | 63.6 | 56.7 | 59.7 | 58.6 | 6,871 | 4,029 |
| Kaap ... ... ... | 66.1 | 64.3 | 56.8 | 54.5 | 6,574 | 3,585 |
| Vrystaat ... ... | 74.8 | 67.6 | 65.2 | 61.6 | 1,762 | 1,086 |
| Natal ... ... ... | 47.3 | 43.3 | 46.4 | 43.2 | 1,216 | 526 |
| Suidwes - Afrika | 69.3 | ? | 74.3 | 72.5 | 237 | 172 |

Dit is 'n ontstellende verskynsel dat die getal leerlinge wat Geskiedenis in st. 10 as 'n eksamenvak in 1959 geneem het, in elke provinsie minder was as in 1958.

*Geskiedenis verpligtend tot by st. 10:*

Die Historiese Genootskap is soos tevore, nog steeds oortuig daarvan dat dit noodsaaklik is om Geskiedenis as 'n verpligte vak vir die st. 10-eksamen te verkry.

Die jaarvergadering sal derhalwe aandag gee aan die moontlikheid dat Geskiedenis as 'n eksamenvak tot by standerd 10 deur alle leerlinge bestudeer moet word. In die verlede was daar talle skole in die Unie waar Geskiedenis tot by standerd 10 as 'n verpligte eksamenvak voorgeskryf was.

*Geldsake:*

Die geldstate wat die penningmeester voorlê toon o.a. dat die Historiese Genootskap van Suid-Afrika sodanig is dat aan al die verpligtinge voldoen kan word.

*Die sekretariaat:*

Die Historiese Genootskap is dank verskuldig aan die sekretariaat wat die administratiewe werk met nougesetheid in beperkte werkgeleenthede verrig het.

*Die Grondwet:*

Die grondwet van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika sal tydens die jaarvergadering hersien word. Die veranderinge wat aangebring sal word, het hoofsaaklik te doen met die organisasie wat op 'n provinsiale basis beplan word.

*Tydskrifte:*

Die twee tydskrifte van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, *Historia* en *Historia Junior,* het die afgelope jaar gereeld verskyn. Belangrike artikels is daarin opgeneem.

*Plaaslike Komitees:*

Om die doelstelling van die Historiese Genootskap te bevorder, is dit uiters noodsaaklik om plaaslike komitees oor die hele Unie gestig te kry.

*Werksaamhede van Plaaslike Komitees:*

Om genoemde doelstelling na te streef hou 'n tak hom met die volgende werksaamhede besig:

(a) gereelde vergaderings, minstens een per kwartaal, waarop aan huishoudelike sake, sake van die Historiese Genootskap van S.A. aandag gegee word, en 'n voordrag gelewer word oor werk wat deur die Tak verrig word of oor 'n onderwerp van historiese belang;

(b) die versameling van bronne vir die geskiedenis van sy eie omgewing asook ander historiese bronne met die oog op uiteindelike plasing daarvan in die Argief;

(c) die oprigting van 'n plaaslike of streekmuseum en die versameling van voorwerpe vir so 'n museum, asook die versameling van voorwerpe vir bestaande historiese museums;

(d) die opsporing van historiese plekke, terreine en geboue (bv. plase, graftes, slagvelde, ens.) in sy omgewing en die boekstawing van die geskiedenis daarvan sowel as die herstel van sodanige graftes;

(e) die opsporing van bejaarde persone in die omgewing en die neerskrywe van hulle herinneringe;

(f) die werwing van lede vir die Historiese Genootskap en intekenaars op *Historia* en *Historia Junior* en ander publikasies van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika;

(g) die insameling van fondse vir die Historiese Genootskap;

(h) die bekendstelling en verspreiding van historiese werke;

(i) die hou van 'n jaarlikse openbare funksie met 'n geheel en al historiese kleur en strekking.

## Mededelinge Voortvloeiende uit Jaarvergadering

(a) Op die jongsgehoue jaarvergadering van die Historiese Genootskap is besluit dat die Genootskap voortaan op federale grondslag sal funksioneer. Die Genootskap sal uit vyf afdelings bestaan, nl. Kaapland, Transvaal, Oranje-Vrystaat, Natal en Suidwes-Afrika. Die hoofbestuur van die Genootskap word saamgestel uit een verteenwoordiger van elkeen van die afdelings en die hoofredakteur van die amptelike orgaan.

(b) Tydens die jaarvergadering is 'n Transvaalse afdeling in die lewe geroep en die volgende bestuur daarvoor aangewys: Voorsitter: dr. J. J. van Tonder; Ondervoorsitter: dr. J. S. du Plessis; Sekretaris: dr. P. J. Venter; Hulpsekretaris: mnr. R. Maree; Penningmeester: mnr. W. A. Cruywagen; Lede: dr. F. J. du T. Spies, dr. T. A. du Plessis en prof. A. N. Pelzer.

(c) Die aandag word daarop gevestig dat die redaksie van *Historia Junior* bestaan uit dr. J. J. van Tonder, dr. P. Venter, dr. T. A. du Plessis en mnr. P. A. Maree, Korrespondensie en bestellings vir *Historia Junior* moet gerig word aan dr. P. Venter, Mazoeweg 15, Emmarentia, Johannesburg en bydraes vir publikasie aan dr. T. A. du Plessis, Surbitonlaan 30, Aucklandpark, Johannesburg.